# BYVOEGLIKE NAAMWOORDE, HOEVEELHEIDSWOORDE, OMVANGSWOORDE EN LIDWOORDE

## (Beskrywende Woorde)

**Betekenis** (algemeen):

Kyk mooi na die volgende sinne:

**Die** man dra **'n swart** hoed.
Daardie seun het **'n mooi** fiets.
Sy hoed is **bruin.**
**Drie** koeie gee **baie** melk.
**Sommige** aartappels is sleg.
Ek verwag hom nou **enige** dag.
Ek het hom al **verskeie** maal gewaarsku.
Dit is **die derde** lek wat ons vandag kry.
Jan skiet na **die middelste** skyf.

Wat merk ons op? Die vetgedrukte woorde is almal beskrywende woorde.

Daar is egter verskillende soorte beskrywende woorde. Woorde soos **swart, mooi** en **bruin** dui sekere eienskappe aan. Hulle is dus eienskapswoorde. Die gewone benaming vir sulke woorde is **Byvoeglike Naamwoorde** of **Adjektiewe.**

Die woordjies **die** en **'n** noem ons **Lidwoorde.** Hulle verindiwidualiseer **(die)** of veralgemeen **('n)** in sover as hulle 'n betekenis het en nie bloot vormwoorde is nie.

Die woordjie **baie** (in ,,baie melk") dui omvang aan en is dus 'n **Omvangswoord.** Hier volg nog 'n paar voorbeelde van hierdie soort woorde:

**min** (water); **volop** (vleis); **genoeg** (botter); **weinig** (verskil).

Die woorde **drie, derde, enige** en **middelste** dui hoeveelheid aan. Hulle is dus **Hoeveelheidswoorde.** Ons kan onderskei tussen: **Hooftelwoorde** (bv. drie, enige) en **Rangtelwoorde** (bv. derde, middelste). Albei laasgenoemdes kan weer onderverdeel word, maar hieroor later.

Kyk na die volgende sinnetjies:

Die meid het die **gebreekte** koppie weggegooi.
Die man het twee **aangenome** kinders.
Die voetbalspan het 'n **skitterende** oorwinning behaal.

Die vetgedrukte woord is ook eienskapswoorde, d.w.s. byvoeglike naamwoorde. Hulle is van werkwoorde afgelei, bv. „gebreekte" van „breek"; „aangenome" van „aanneem" en „skitterende" van „skitter". Later behandel ons hierdie soort woorde weer.

## Oor die gebruik van Beskrywende Woorde

### I. Attributief en Predikatief

Let op na die volgende sinne:

Ek tel 'n **ronde** klip op.
Die klip is **rond.**
Die jersie is **bruin.**
Die seun het 'n **bruin** jersie.

Van hierdie sinne kan ons aflei dat byvoeglike naamwoorde **voor** of **na** die s.nwe. wat hulle bepaal, kan staan. In die eerste sin hierbo staan „ronde" **voor** die s.nw. „klip". Hierdie woord (d.w.s. **ronde**) dui 'n eienskap of attribuut van die s.nw. **klip** aan.

Wanneer die b.nw. **voor** die s.nw. staan, word dit voorgestel as iets wat bestaan, en dan, sê ons, word die b.nw. ATTRIBUTIEF gebruik. Hier volg nog 'n paar voorbeelde van b.nwe. wat **attributief** gebruik word:

Die **lelike** dier
'n **Dapper** soldaat
'n **Klein** hondjie
Daardie **snaakse** insekte

Wanneer so'n eienskapswoord (b.nw.) deur middel van 'n werkwoord met 'n s.nw. verbind word, word die sin gemaak om iets omtrent die ding te sê; dit maak dan deel van die predikaat (gesegde) uit, en ons sê dat die b.nw. PREDIKATIEF gebruik word.

Hier volg 'n paar voorbeelde van b.nwe. wat predikatief gebruik word:

Die dier is **lelik.**
Die soldaat is **dapper.**
Die hondjie is **klein.**
Daardie insekte is **snaaks.**

Daar is ook 'n derde tipe: die b.nw. staan wel **na** die s.nw., maar dit is nogtans **attributief**, bv.

Sy grys pak, **splinternuut** en dié more nog netjies **afgeborsel**, was vreeslik verniel.
Al die mense, **jonk** en **oud**, het die fees bygewoon.
Die kinders, **groot** en **klein**, het almal saamgespeel.

**Let op:**

Die ander beskrywende woorde word meestal **attributief** gebruik, bv.

Daar is **ses** skape.
**Party** mense was laat.
**Die** man is siek.
Daar was **baie** mense.
Die **sewende** dag was hy beter.

Sommige kan ook predikatief gebruik word, bv.

Hy is **sewende** in sy klas.
Ons is maar **drie.**
Water is **volop** in hierdie streke.

## II. Beskrywende woorde wat net attributief gebruik word

As ons die taalgebruik nagaan, vind ons dat sommige beskrywende woorde net attributief gebruik kan word. Hier volg voorbeelde van sodanige woorde:

(i) **Aanwysende Voornaamwoorde wat byvoeglik gebruik word,** bv.

**Hierdie** boek is myne.
**Dié** kas is stukkend.
Ek vertrou **daardie** man nie.

(ii) **Lidwoorde,** bv.

**Die** man sit op **die** kas.
Ek sien **'n** bok en **'n** skaap.

(iii) **Onbepaalde hooftelwoorde,** bv.
**Sommige** mense werk hard.
**Party** seuns het deelgeneem aan die wedstryd.
Ek het hom **etlike** kere gewaarsku.

(iv) **Onbepaalde rangtelwoorde,** bv.
Ek het jou al vir die **soveelste** keer geroep.
Hy skiet na die **middelste** skyf.

(v) **'n Paar b.nwe. wat van s.nwe. afgelei is,** bv.
die **Christelike** geloof. ons **daaglikse** brood.
**Natalse** vrugte. **ouerlike** plig.

**Let op:**

Byna alle afgeleide b.nwe. van hierdie soort **kan wel predikatief gebruik word,** bv.
Daardie streek is **bergagtig.**
Die kind is **ouerloos.**
Die man is **eerlik.**
Die pad is **modderig.**
Die middel is **heilsaam,** ens.

(vi) **Baie b.nwe. wat van werkwoorde afgelei is** (veral teenwoordige deelwoorde), bv.
die **kabbelende** water die **knetterende** vuurtjie
die **singende** mense die **laggende** kinders
die **omliggende** berge die **etende** diere
met **wuiwende** arms die **trekkende** wild

**Let wel:**

(i) Die meeste van hierdie soort afgeleide eienskapswoorde kan egter ook predikatief gebruik word, bv.
Die reis is afmattend.
Die kind is oplettend.
Die spel is opwindend, ens.

(ii) Sterk verlede deelwoorde word gewoonlik net attributief gebruik, bv.
**voorgeskrewe** boeke 'n **veelgeprese** boek
**verdagte** persone **verdwene** roem
op 'n **gegewe** oomblik met **afgemete** stap
met **gevoue** hande 'n **deurgestoke** kaart

Die meeste kan, met verskil van vorm, natuurlik ook predikatief gebruik word, bv.

Die boek is **voorgeskrewe.**
Sy plan is **verdag.**
Sy hande was **gevou.**
Sy roem is **verdwyn.**

(vii) **'n Paar stofaanduidende b.nwe.,** bv.

'n **goue** borsspeld
'n **lakense** pak

**Let wel:**

Wanneer so'n stofaanduidende eienskapswoord voor 'n s.nw. staan, word die twee woorde gewoonlik aanmekaar geskryf, bv.

| | |
|---|---|
| 'n ferweelbroek | sykouse |
| 'n ysterpaal | 'n grasdak |
| 'n koperketel | 'n blikbord |
| 'n hooimied | 'n sinkheining |

(viii) **Sommige b.nwe. wanneer hulle figuurlik gebruik word,** bv.

| | |
|---|---|
| 'n **stale** wil | die **gryse** verlede |
| sy **dure** plig | die **reine** waarheid |
| 'n **noue** ontkoming | die **stomme** kêrel |
| **grote** genugtig! | die **arme** miljoenêr |

(ix) **Sommige b.nwe. wanneer hulle idiomaties of in vaste uitdrukkinge gebruik word,** bv.

Jou **swarte** tater!
Hy is nog uit die **oue** doos.
Hy is weer op **vrye** voet gestel.

(x) **Die oortreffende trap van b.nwe.,** bv.

**die kleinste** kind
die **boonste** trap
die **jongste** seun

(xi) **Sommige b.nwe. wat TYD en RIGTING aandui,** bv.

die **vorige** dag
onder **huidige** omstandighede
**onlangse** onluste
in die **suidelike** dele
in die **noordelike** distrikte

## III. Beskrywende woorde wat net predikatief gebruik word

Hier vind ons net 'n paar eienskapswoorde (b.nwe.) wat van werkwoorde afgelei is, bv.

Ons was **gekant** teen sy handelwyse.
Hierdie plantjies is nie **bestand** teen die koue nie.
Hollanders is **geneig** tot hekel en spot.

## A. BYVOEGLIKE NAAMWOORDE (Eienskapswoorde)

(a) **Betekenis:**

Kyk na die volgende sinne:

Die seun dra 'n **rooi** jersie.
Sy jersie is **mooi**.
Daardie mense is **gaaf**.
Dit was 'n **wonderlike** droom.
Die kat spring met 'n **grasieuse** beweging.
Jan is 'n **snaakse** seun.

Wat kan ons opmerk?

Woorde soos **rooi, mooi, klein, gaaf, wonderlik, grasieus,** ens. dui sekere eienskappe van dinge aan. Hierdie soort woorde word gewoonlik **Byvoeglike Naamwoorde** genoem.

**Tipes:**

I. Woorde soos **groot, moeg, siek,** ens. was altyd byvoeglike naamwoorde gewees. Hiermee bedoel ons dat hulle nie afgeleide byvoeglike naamwoorde is nie.

II. Sommige byvoeglike naamwoorde is egter afgelei van ander woordsoorte. Ons wil nie hier op **afleiding** ingaan nie, maar dit is darem leersaam om so'n paar voorbeelde van sulke afgeleide byvoeglike naamwoorde aan te gee:

(a) **B.nwe. afgelei van s.nwe.:**

wonder — **wonderlik, wonderbaar**
Christus — **Christelik**
kind — **kinderlik, kinderagtig, kinds**

(b) **B.nwe. afgelei van ander b.nwe.:**

siek — **siekerig**
styf — **stywerig**
goed — **goedig**

(c) **B.nwe. afgelei van werkwoorde:**

kleef — **klewerig**
sterf — **sterflik**
werk — **werksaam**

III. Party byvoeglike naamwoorde is eintlik ander woordsoorte wat van funksie verander het, d.w.s. wat nou as byvoeglike naamwoorde gebruik word. Sommige verbale vorme (d.w.s. vorme van die werkwoord) het hulle verbale krag verloor en word nou as suiwer b.nwe. (eienskapswoorde) aangevoel. Hier volg 'n paar voorbeelde:

(a) **Teenwoordige deelwoorde wat as b.nwe. gebruik word:**

| **Werkwoord** | **Teenw. dw.** | **As b.nw. gebruik** |
|---|---|---|
| brul | brullend | die **brullende** leeu |
| vlei | vleiend | **vleiende** taal |
| sterf | sterwend | die **sterwende** soldaat |
| aanhou | aahoudend | **aanhoudende** reëns |
| verbly | verblydend | **verblydende** tekens |
| staan | staande | die **staande** mag |

(b) **Swak verlede deelwoorde wat as b.nwe. gebruik word:**

| **Werkwoord** | **Swak verl. dw.** | **As b.nw. gebruik** |
|---|---|---|
| bak | gebak | **gebakte** pere |
| verkluim | verkluim | **verkluimde** kuikens |
| wit | gewit | **gewitte** mure |
| erken | erken | **erkende** metode |
| misskop | misgeskop | die **misgeskopte** bal |
| omsingel | omsingel | die **omsingelde** vyand |

(c) **Sterk verlede deelwoorde wat as b.nwe. gebruik word:**

| **Werkwoord** | **Sterk verl. dw.** | **As b.nw. gebruik** |
|---|---|---|
| breek | gebroke | **gebroke** harte |
| buig | geboë | **geboë** hoofde |
| begin | begonne | **begonne** take |
| bederf | bedorwe | **bedorwe** kinders |
| kies | gekose | 'n **gekose** komitee |
| giet | gegote | **gegote** yster |

**'n Paar ander:**

(d) **Bywoorde wat as b.nwe. gebruik word:**

weekliks — 'n **weeklikse** salaris
plotseling — 'n **plotselinge** aanval
sywaarts — 'n **sywaartse** sprong

(e) **Voornaamwoorde wat as b.nwe. gebruik word:**

Ek — **my** hoed
julle — **julle** klere
sy — **haar** goed

(f) **S.nwe. wat as b.nwe. gebruik word:**

**Oom** Hans was ook daar.
Hy kuier by **Neef** Andries.

(b) **Fleksie:**

### 1. DIE E-VERBUIGING

Kyk na die volgende uitdrukkinge:

klein: die **klein** seuntjie
laf: die **lawwe** kind
groot: die **groot** hond
wonderlik: die **wonderlike** gebeurtenis
hangend: die saak is **hangende**
grys: die **gryse** verlede

As ons na die bostaande sinne en uitdrukkings kyk, sien ons dat daar by sommige b.nwe. 'n **-E** aangelas is. Wanneer so'n **-E** agteraan 'n b.nw. gevoeg word, sê ons die b.nw. word verbuig.

**Wanneer kry die b.nw. in Afrikaans 'n E agteraan?**

Ons kan hierdie verskynsel in die volgende gevalle aantoon:

### PREDIKATIEF

I. **By 'n paar b.nwe. wat predikatief gebruik word, bv.**

Die saak is nog **hangende.**
Hierdie geld is **voldoende.**
Die soldaat was **sterwende.**
Die bedrag is **uitstaande.**

### ATTRIBUTIEF

II. **By eenlettergrepige b.nwe. wat attributief gebruik word, en eindig op:**

**-D:** Let op dat die **d** tussen twee klinkers byna elke keer wegval:

koud — 'n **koue** wind
breed — 'n **breë** rivier
goud — 'n **goue** oorlosie
wyd — 'n **wye** broek
vreemd — 'n **vreemde** land
rond — 'n **ronde** klippie
glad — 'n **gladde** klip
hard — 'n **harde** slag
wreed — 'n **wrede** man
mild — **milde** reëns

Soms word die **d** 'n **i:**

goed — 'n **goeie** vriend
dood — 'n **dooie** dier

**maar ons sê altyd:**

oud — 'n **ou** man

**-G:** Let op dat die **g** gewoonlik wegval wanneer daar 'n lang klinker, „oe" of 'n tweeklank voor die **g** staan:

ruig — 'n **ruie** streek
moeg — 'n **moeë** dier
vroeg — 'n **vroeë** trein
hoog — 'n **hoë** boom
droog — 'n **droë** distrik
laag — 'n **lae** muur
vaag — 'n **vae** idee
traag — 'n **trae** esel
leeg — 'n **leë** bottel

Soms word **-te** aangelas:

sag — 'n **sagte** kussing
lig — 'n **ligte** vrag
sleg — 'n **slegte** reuk
eg — 'n **egte** diamant
dig — 'n **digte** bos
reg — die **regte** pad
heg — 'n **hegte** fondament

Soms val die **g** nie weg nie: (**-e** na **ng** alleen wanneer die woord 'n boekagtige kleur het)

streng — 'n **strenge** toesig.
wrang — 'n **wrange** smaak

Soms word die **g** verdubbel:

log — 'n **logge** wapen
vlug — 'n **vlugge** beweging
stug — 'n **stugge** kind

**maar ons sê altyd:**

lang — 'n **lang** stok
bang — 'n **bang** seun
jong — 'n **jong** boompie

**Let wel:**

'n lang stok, **maar:** die stok is **lank**
'n jong boompie, **maar:** die boompie is **jonk**

**-F:** Let op dat die **f** 'n **w** word as daar 'n lang klinker of tweeklank voor die **f** staan en ook in die verbindings **lf** en **rf.** As daar 'n kort klinker (bv. a, o, u) voor die **f** staan, word die **w dubbel** geskrywe, bv.

doof — 'n **dowe** vrou
braaf — 'n **brawe** sakeman
gaaf — 'n **gawe** kêrel
skeef — 'n **skewe** streep
half — 'n **halwe** appel
straf — 'n **strawwe** winter
dof — 'n **dowwe** geluid
grof — 'n **growwe** stem
laf — 'n **lawwe** grap
skurf — 'n **skurwe** vel
muf — 'n **muwwe** reuk
styf — 'n **stywe** been
suf — 'n **suwwe** man

Soms word **-te** aangevoeg:

saf — 'n **safte** peer

III. **By sommige eenlettergrepige b.nwe. wat ATTRIBUTIEF gebruik word en wat op -S eindig.** Die **e-** verbuiging by sulke b.nwe. is baie onvas. Hier is 'n paar sulke b.nwe. wat gewoonlik verbuig word:

dwaas — 'n **dwase** plan
fluks — 'n **flukse** boer

vals — 'n **valse** profeet
trots — 'n **trotse** ouer
fiks — 'n **fikse** seun
snaaks — 'n **snaakse** grap

Sommige kry **-te** agteraan:
juis — die **juiste** getal
woes — 'n **woeste** streek
vas — 'n **vaste** klip

**Let wel:**

(i) Sommige van hierdie b.nwe. word partymaal verbuig en soms nie̊:
rats — 'n **rats(e)** bobbejaan
bars — 'n **bars(e)** antwoord
fiks — 'n **fiks(e)** seun
kras — 'n **kras(se)** maatreël

(ii) Baie van hierdie b.nwe. word gewoonlik nie verbuig nie (tensy hulle figuurlik of met nadruk gebruik word):
los — 'n **los** tand
bros — 'n **bros** koek
vars — **vars** botter
voos — 'n **voos** appel
boos — 'n **boos** gesig
fris — 'n **fris** seun
spits — 'n **spits** punt

IV. **By eenlettergrepige b.nwe. wat ATTRIBUTIEF gebruik word en op -U eindig:**

sku — 'n **skuwe** diertjie
slu — 'n **sluwe** dief
ru — 'n **ruwe** soldaat

V. **By 'n paar ander eenlettergrepige b.nwe. wat ATTRIBUTIEF gebruik word,** bv.

trou — 'n **troue** vriend
nuut — 'n **nuwe** hoed
ferm — 'n **ferme** tred
strak — 'n **strakke** blik
fier — 'n **fiere** houding
elk — **elke** dag

naak — 'n **naakte** kaffertjie
puur — **pure** bog
vroom — 'n **vrome** man
**maar ook: 'n vroom** gesig

VI. **By byna alle meerlettergrepige b.nwe. wat ATTRIBUTIEF gebruik word,** bv.

maklik — 'n **maklike** som
aangenaam — 'n **aangename** vakansie
ouerloos — 'n **ouerlose** kind
bergagtig — 'n **bergagtige** streek
eerbaar — 'n **eerbare** inwoner
winderig — 'n **winderige** dag
Natal — **Natalse** vrugte
spraaksaam — 'n **spraaksame** vrou

**maar:**

lendelam — 'n **lendelam** stoel

Onder hierdie hoof groepeer ons ook:

(a) Teenwoordige deelwoorde wat as b.nwe. gebruik word, bv.

skroei — die **skroeiende** son
wag — die **wagtende** skare
swerf — 'n **swerwende** volk
verbly — **verblydende** tekens
sink — die **sinkende** skip

(b) Swak verlede deelwoorde wat as b.nwe. gebruik word, bv.

kap — **gekapte** hout
maal — **gemaalde** koffie
sif — **gesifte** meel
ploeg — **geploegde** lande
verbrand — **verbrande** kos

(c) Sterk verlede deelwoorde wat as b.nwe. gebruik word, bv.

giet — **gegote** yster
doen — **gedane** sake
bederf — **bedorwe** kinders
is — **gewese** vriende
buig — **geboë** hoofde

**Let op:** Sterk verlede deelwoorde word met weinig uitsonderinge NIE predikatief gebruik nie; daarom kom **net een vorm** voor.

**Uitsonderings:**
Die werk is **gedaan.**
Sy handelwyse is **verdag.**

(d) Intensiewe b.nwe. as die laaste woord (b.nw.) gewoonlik verbuig word, bv.
stokdoof — 'n **stokdowe** man
splinternuut — 'n **splinternuwe** plan
dolleeg — 'n **dolleë** blik
kliphard — 'n **klipharde** brood
yskoud — **yskoue** water

(e) Baie ander saamgestelde en saamgekoppelde b.nwe., veral as die laaste woord (b.nw.) gewoonlik verbuig word, bv.

'n **innig-vrome** man
**Suid-Afrikaanse** berge
die **hees-vloekende** bobbejane
die **pluimwuiwende** barbare
**purper-goue** strale
'n **gladgeskeerde** man
'n **welriekende** geur
'n **buitengewoon-treffende** toneel
'n **sag-skreiende** weemoed
**vriendelik-skertsende** humor
'n **naief-kinderlike** toon
**kinderlik-opregte** geloof
**eeu-oue** gewoontes
**pragtig-skilderende** klanke

VII. By baie b.nwe. wat ATTRIBUTIEF en (a) figuurlik of met nadruk gebruik word, of (b) in vaste uitdrukkinge voorkom of (c) betekenisverskille aandui:

Hy is 'n **sterke** terduiwel.
Jou **gekke** ding!
Jou **skelme** dief!
Hy was op **hete** kole.
Dit was 'n **sware** beproewing.

Hy is weer op **vrye** voete gestel.
Dit het **taaie** volharding gekos.
Dit is die **reine** waarheid.

**Let wel:**

(i) Hoewel daar 'n sterk neiging by attributief-gebruikte b.nwe. is om 'n E agteraan te kry, is dit natuurlik nie 'n vaste reël nie. Heel dikwels word daar by sulke b.nwe. **geen** E aangelas nie, bv.

Dit was 'n **swaar** verlies.
Ons het **groot** eerbied vir hom.
Die seun het 'n **swak** verstand.

Somtyds is die E opsioneel, bv.

Dit was 'n **nou(e) ontkoming**.
Ons het eers na **ryp(e)** beraad besluit.
Hy is nog uit die **ou(e)** doos.
Die blomme maak 'n **fraai(e)** vertoning.
Dit was 'n **flou(e)** ekskuus.

(ii) Kyk mooi hoedat die volgende b.nwe. verskil in betekenis **met** of **sonder** 'n E agteraan:

| | |
|---|---|
| **heel:** | Daar was nie een **heel** koppie nie.<br>Hy het die **hele** nag wakker gelê. |
| **seker:** | Hy gebruik 'n **seker** geneesmiddel.<br>'n **Sekere** mnr. Laas het die tyding gebring. |
| **arm:** | Die **arm** man is van honger dood.<br>Die **arme** miljoenêr se kind is dood. |
| **skoon:** | Ons eet uit **skoon** borde.<br>Nou het jy 'n **skone** geleentheid om dit te doen. |
| **yster:** | By die ingang is 'n **yster**hek<br>Die man het 'n **ysere** wil. |
| **oud:** | Die **ou** man loop met 'n kierie.<br>Hy is nog uit die **oue** doos. |
| **naar:** | Die **naar** man drink medisyne vir sy naarheid.<br>Jan het 'n **nare** verkoue. |
| **een:** | Ek drink gewoonlik net **een** koppie tee.<br>Op my reis het ek **ene** Botha ontmoet. |
| **stom:** | Die **stom** man kan nie praat nie.<br>Die **stomme** kêrel sê my hy is al meer as 'n jaar siek. |

| | |
|---|---|
| **duur:** | Jan het 'n **duur** motorfiets gekoop. <br> Die man het 'n **dure** eed afgelê. |
| **teer:** | Hy pas die **teer** plantjie goed op. <br> Dit sal altyd vir hom 'n **tere** herinnering bly |
| **bang:** | Die **bang** seun hardloop weg. <br> Met sy siekte het ons 'n **bange** nag deurgemaak. |
| **bitter:** | Hy drink graag **bitter** koffie. <br> Na 'n **bittere** lyding het hy weer herstel. |
| **suur:** | Hoekom koop jy sulke **suur** druiwe? <br> Dit was vir hom 'n **sure** ondervinding. |
| **grys:** | Die man dra 'n **grys** baadjie. <br> Dit het in die **gryse** verlede gebeur. |
| **vol:** | Elke more drink hy 'n **vol** glas water. <br> Hy is nie by sy **volle** verstand nie. |
| **suiwer:** | Jy praat **suiwer** onsin. <br> Piet studeer in die **suiwere** wetenskappe. |
| **rein:** | Het jy 'n **rein** gewete? <br> Alles wat jy sê is die **reine** waarheid. |
| **swart:** | Die meisie dra **swart** kouse. <br> Jou **swarte** tater! |
| **vry:** | More sal ek 'n **vry** middag hê. <br> Die gevangene is weer op **vrye** voet gestel. |

## B.nwe. wat nie 'n E agteraan kry nie.

I. Byna alle b.nwe. wat PREDIKATIEF gebruik word, bv.

| | |
|---|---|
| die som is **maklik** | die vakansie is **aangenaam** |
| die dag is **winderig** | die mense is **gaaf** |
| die seun is **moeg** | die rivier is **breed** |
| die kole is **gloeiend** | sy sukses is **skitterend** |
| die pere is **gebak** | die kouse is **gestop** |
| sy klere is **papnat** | die man is **innig-vroom** |

II. Sommige b.nwe. wat ATTRIBUTIEF gebruik word. Dit gebeur veral by:

(a) Byna alle eenlettergrepige b.nwe. wat NIE op **d**, **g** en **f** eindig nie, bv.

| | |
|---|---|
| 'n **sterk** man | 'n **wit** muur |
| 'n **kwaai** bul | 'n **groot** bohaai |
| 'n **klein** stoeltjie | 'n **vaal** kleur |

(b) Sommige eenlettergrepige b.nwe. wat op **-S** eindig. Die e-verbuiging hier is, soos ons onder die vorige hoof gesien het, baie onvas. Die volgende eenlettergrepige b.nwe. op **-S** is voorbeelde van sulke b.nwe. wat gewoonlik **nie** verbuig word nie:

| | |
|---|---|
| 'n **los** tand | 'n **bros** koek |
| **vars** botter | 'n **voos** appel |
| 'n **boos** gesig | 'n **fris** seun |
| 'n **spits** punt | 'n **grys** hennetjie |

(c) **Sommige** meerlettergrepige b.nwe. wat op **-el** en **-er** eindig. Hier is 'n paar sulke b.nwe. wat gewoonlik nie verbuig word nie:

| | |
|---|---|
| **troebel** water | 'n **donker** kamer |
| 'n **edel** metaal | 'n **beter** kans |
| 'n **simpel** persoon | 'n **lekker** koek |
| 'n **kruppel** perd | 'n **maer** koei |

**Let op:**

Heel dikwels word b.nwe. op **-el** en **-er** wel verbuig. Dikwels is die **e**-verbuiging opsioneel, bv.

'n **skamel(e)** woninkie
'n **soepel(e)** beweging
**miserabele** weer
'n **sjofele** baadjie
'n **enkel(e)** keer
'n **besondere** guns
'n **wakker(e)** voorman

**Let wel:**

Analogiewerking het egter meegebring dat daar, wat die e-verbuiging betref, die grootste onvastheid en willekeur heers. Na die model van b.nwe. soos „harde", „lawwe", „droë", ens. word ander b.nwe. wat gewoonlik nie verbuig word nie, ook verbuig, bv.

Gedurende die **stille** ure van die nag.
Sy was 'n **mooie** ou dingetjie.
Dit was **sware** vragte.
Het jy van sy **dappere** daad gehoor?
Die **lompe** dier kom toe reguit na my toe.
Ons het die **swakke** ou lammetjie huis toe gedra.

Let op dat almal 'n bepaalde gevoelswaarde het.

Die teenoorgestelde gebeur ook soms, bv.

| | |
|---|---|
| Hy is sommer 'n **sleg** man.<br>Jy is 'n **slordig** kind.<br>Dis 'n **ernstig** saak, jong!<br>Aan 'n **naamloos** brief steur ek my nie. | } **dialekties** |

VERGELYKING

## Hoe word vergelyking by die b.nw. in Afrikaans uitgedruk?

Die volgende neiginge kan aangetoon word:

I. **Deur die gebruik van die woordjies „so . . . soos", bv.**

so **sag** soos 'n lam
so **lelik** soos die nag
so **maer** soos 'n kraai
so **vet** soos 'n vark
so **swaar** soos lood

**(Let wel:** In die woordelyste vind julle 'n vollediger lys van sulke vergelykings.**)**

II. **Deur die gebruik van vergelykingswoorde vooraan die b.nw.** Hierdie vorme van die b.nw. word gewoonlik die **intensiewe vorme** van die b.nw. genoem.

Ons moet daarop let dat die gevoel vir vergelykings by hierdie soort woorde vervaag. By baie intensiewe vorme van die b.nw. is die eerste lid (woord) slegs 'n voorvoegsel. Voorbeelde hiervan is: **mors**dood; **dood**-onskuldig, **dood**goed; **stok**oud, **stok**doof, ens.

In baie gevalle egter voel ons darem nog die vergelykingskrag van die eerste lid van die samestelling. Hier volg 'n paar voorbeelde:

glad: die voetbal is **seep**glad
koud: die tee is **ys**koud
groen: die peer is **gras**groen
vet: die seun is **spek**vet
vas: die klip is **rots**vas

**(Let wel:** 'n Vollediger lys van sulke intensiewe vorme verskyn in die woordelyste.**)**

**III. Deur die gebruik van sekere bywoorde wat grade van vergelyking aandui:**

Die man was **taamlik** vies.
Dit is **hoogs** onwaarskynlik
Ek voel **regtig** moeg.
Hierdie skilderstuk is **werklik** mooi
Die man is **nogal** innemend.
Sy broer was **erg** siek.

**IV. Deur vormverandering:**

Daar is drie trappe van vergelyking. Die eerste trap wat die gewone vorm van die b.nw. is, noem ons die **STELLENDE TRAP,** bv.

klein, dun, soet

Die tweede trap wat ons die **VERGROTENDE TRAP** noem, word gevorm deur **-ER** agteraan die **stellende trap** te voeg, bv.

kleinER, dunnER, soetER

Die derde trap wat ons die **OORTREFFENDE TRAP** noem, word gevorm deur **-STE** agteraan die **stellende trap** te voeg, bv.

kleinSTE, dunSTE, soetSTE

Kyk mooi na die volgende voorbeelde:

| | Stellende Trap | Vergrotende Trap | Oortreffende Trap |
|---|---|---|---|
| **B.nwe. op -LIK:** | **LET OP:** die K in die tweede trap word NIE verdubbel nie. | | |
| | maklik | makli**ker** | makli**kste** |
| | wonderlik | wonderli**ker** | wonderli**kste** |
| | vriendelik | vriendeli**ker** | vriendeli**kste** |
| **B.nwe. op -IG:** | **LET OP:** die G in die tweede trap word nie verdubbel nie. | | |
| | vinnig | vinnig**er** | vinnig**ste** |
| | aaklig | aaklig**er** | aaklig**ste** |
| | gulsig | gulsig**er** | gulsig**ste** |
| **B.nwe. met 'n lang klinker** | **LET OP:** Die klinker word **enkel geskrywe** in die tweede trap. | | |
| (bv. oo, aa) **voor die slotmedeklinker:** | groot | grot**er** | groot**ste** |
| | skraal | skral**er** | skraal**ste** |
| | skoon | skon**er** | skoon**ste** |

**B.nwe. met 'n kort klinker voor die slot-medeklinker:**

**LET OP:** By b.nwe. van een lettergreep word die eind-medeklinker in die tweede trap dubbel geskrywe.

| | | |
|---|---|---|
| dun | dunn**er** | dun**ste** |
| dik | dikk**er** | dik**ste** |
| net | nett**er** | net**ste** |

**B.nwe. op twee medeklinkers of tweeklank:**

| | | |
|---|---|---|
| hard | hard**er** | hard**ste** |
| warm | warm**er** | warm**ste** |
| bly | bly**er** | bly**ste** |
| flou | flou**er** | flou**ste** |
| mooi | mooi**er** | mooi**ste** |

**B.nwe. op -R:**

**LET OP:** Die tweede trap neem **-DER**

| | | |
|---|---|---|
| duur | duur**der** | duur**ste** |
| dapper | dapper**der** | dapper**ste** |
| lekker | lekker**der** | lekker**ste** |

**B.nwe. op -F:**

**LET OP:** Die **f** word 'n **W** in die tweede trap — of **WW** as daar 'n kort klinker (bv. o, a) voor die **f** staan.

| | | |
|---|---|---|
| styf | styw**er** | styf**ste** |
| skeef | skew**er** | skeef**ste** |
| doof | dow**er** | doof**ste** |
| gaaf | gaw**er** | gaaf**ste** |
| laf | laww**er** | laf**ste** |
| grof | groww**er** | grof**ste** |

Soms word **-ter** in die tweede trap aangevoeg:

| | | |
|---|---|---|
| saf | saf**ter** | saf**ste** |

**B.nwe. op -D:**

**LET OP:** Soms val die **d** in die tweede trap weg.

| | | |
|---|---|---|
| koud | kou**er** | koud**ste** |
| breed | bre**ër** | breed**ste** |
| wreed | wred**er** | wreed**ste** |
| glad | gladd**er** | glad**ste** |
| wyd | wy**er** | wyd**ste** |

**B.nwe. op -G:**

**LET OP:** Soms val die **g** in die tweede trap weg.

| | | |
|---|---|---|
| moeg | moe**ër** | moeg**ste** |
| vroeg | vroe**ër** | vroeg**ste** |
| hoog | ho**ër** | hoog**ste** |
| laag | la**er** | laag**ste** |

Soms word **-ter** in die tweede trap aangevoeg:

| | | |
|---|---|---|
| eg | eg**ter** | eg**ste** |
| sag | sag**ter** | sag**ste** |

Soms word die **g** dubbel geskrywe:

| | | |
|---|---|---|
| vlug | vlugg**er** | vlug**ste** |
| log | logg**er** | log**ste** |
| stug | stugg**er** | stug**ste** |

**B.nwe. op -S:** **LET OP:** Die S word **dubbel geskrywe** in die oortreffende trap.

| | | |
|---|---|---|
| boos | bos**er** | boos**ste** |
| rats | rats**er** | rats**ste** |
| vas | vas**ter** | vas**ste** |
| kras | krass**er** | kras**ste** |
| wys | wys**er** | wys**ste** |

**B.nwe. op -U:** **LET OP:** Die vergrotende trap neem -WER en in die oortreffende trap word die **U dubbel geskrywe.**

| | | |
|---|---|---|
| ru | ru**wer** | ruu**ste** |
| sku | sku**wer** | skuu**ste** |
| slu | slu**wer** | sluu**ste** |

**B.nwe. op -E:** **LET OP:** Sulke b.nwe. vorm hulle trappe van vergelyking gewoonlik deur die woorde **meer** en **mees** te gebruik.

| | | |
|---|---|---|
| ingenome | **meer** ingenome | **mees** ingenome |
| verleë | **meer** verleë | **mees** verleë |
| tevrede | **meer** tevrede | **mees** tevrede |
| beskeie | **meer** beskeie | **mees** beskeie |
| verlate | **meer** verlate | **mees** verlate |

Soms word **-er** en **-ste** ook gebruik. Ons kan byvoorbeeld sê:

| | | | |
|---|---|---|---|
| | geslepe | **meer** geslepe | **mees** geslepe |
| of: | geslepe | geslepen**er** | geslepen**ste** |

**Let op: mees** tevrede, of: **tevredenste**

**Swak verl. deelwoorde as b.nwe. gebruik:** **LET OP:** Hierdie soort b.nwe. neem gewoonlik **-ter** of **-der** in die tweede trap.

| | | |
|---|---|---|
| beperk | beperk**ter** | beperk**ste** |
| beleef | beleef**der** | beleef**ste** |
| volmaak | volmaak**ter** | volmaak**ste** |
| geskik | geskik**ter** | geskik**ste** |

**Internasionale b.nwe.:** **LET OP:** Die trappe van vergelyking van lang geleende b.nwe. kan op twee maniere gevorm word. Ons kan sê:

| | | |
|---|---|---|
| tragies | **meer** tragies | **mees** tragies |
| modern | **meer** modern | **mees** modern |
| prakties | **meer** prakties | **mees** prakties |
| sistematies | **meer** sistematies | **mees** sistematies |

**maar ook:**

| | | |
|---|---|---|
| tragies | tragieser | tragiesste |
| modern | moderner | modernste |
| prakties | praktieser | praktiesste |
| sistematies | sistematieser | sistematiesste |

**Allerlei:**

| | | |
|---|---|---|
| stip | stip**ter** | stip**ste** |
| nuut | nu**wer** | nuut**ste** |
| baie, veel | **meer** | **meeste** |
| min, bietjie, weinig | **minder** | **minste** |
| kwaad | kwa**ter** | kwaad**ste** |
| laat | later | **laaste** / **laatste** |
| goed | **beter** | **beste** |

**Let wel:**

(i) Die oortreffende trap van sommige bywoorde word soms as 'n b.nw. gebruik:

bo — die **boonste** trap
onder — die **onderste** sport
binne — sy **binne(n)ste** gedagtes
buite — die **buitenste** blad
uit — sy **uiterste** bes
op — die **opperste** gesag

**Let op:**

Af en toe word die stellende trap van die bywoord ook as 'n b.nw. gebruik, bv.

Die trap **onder** is baie glad.
Die sport **bo** makeer.
Die mense **binne** is besig om te eet.

(ii) Die oortreffende trap kan versterk word deur die woordjie **aller-** vooraan die oortreffende trap te voeg, bv.

Die **aller**grootste dier
die **aller**mooiste roos
die **aller**droogste jaar

(iii) Deur veelvuldige gebruik het die betekenis van die agtervoegsel **-ste** by sommige b.nwe. al heeltemal afgeslyt, bv. „**Liefste** ouers" en „**Beste** Jan" aan die begin van briewe.

(iv) By die vergrotende trap word **as** in die volgende soort vergelykende sinne gebruik:

Jou eier is harder **as** myne.
Hierdie klip is kleiner **as** daardie een.
Piet is langer **as** jy.

(v) As daar 'n vergelykende sin na **as** volg, word **wat** soms na die **as** ingevoeg. Dit is egter nie nodig nie:

Die pad is langer **as (wat)** ek gemeen het.
Die werk is moeiliker **as (wat)** jy dink.
Die berg is hoër **as (wat)** Piet gesê het.

(vi) As **twee** dinge met mekaar vergelyk word, kan ons òf sê:

Jan is slimmer as ek.
Hierdie klip is groter as daardie een.
Hans is sterker as Gert.

**òf ons kan sê:**

Jan is die **slimste** van ons twee.
Van hierdie twee is hierdie klip die **grootste.**
Van Hans en Gert is Hans die **sterkste.**

## B.nwe. gewoonlik sonder trappe van vergelyking.

(**Let op:** B.nwe. met sterre is nie alte vas nie.)

(i) B.nwe. wat **stowwe** aandui, bv.
**leer, koper, asbes, wol**

(ii) Sommige b.nwe. wat **matematiese vorme** aandui, bv.
***vierkantig, *driehoekig, parallel**

(iii) Sommige b.nwe. wat **tyd** aandui, bv.
**weekliks, huidige, teenswoordig, vorige**

(iv) Sommige b.nwe. wat **plek** aandui, bv.
***Suid-Afrikaans, Natals, *hemels**

(v) B.nwe. wat die **hoogste graad** aandui, bv.
***leeg, *volmaak, *ewig, *dood**

(vi) Sommige afgeleide b.nwe. op **-agtig, -loos, -aal, -eel, -erig, -er, en -ig,** bv.
**deelagtig, kinderloos, eerloos, *provinsiaal, *nasionaal, *finansieel, militêr, parlementêr, *houtagtig, preliminêr, *essensieel, gelerig, donkerig, viervoetig.**

(vii) B.nwe. afgelei van **eiename,** bv.
***Europees, *Deens, *Suid-Afrikaans.**

(viii) Aanwysende v.nwe., bv.
**hierdie, daardie, die**

(ix) Besitlike v.nwe., bv.
**my** (hoed), **jou** (das), **sy** (kam)

(x) Byna alle hoeveelheidswoorde, bv.
**sommige, elke, party, ses, sesde**

(xi) Intensiewe vorme van die b.nw., bv.
**stokoud, pikswart, grasgroen**

(xii) Saamgekoppelde b.nwe., bv.
**kinderlik-naïef; innig-vroom**

(xiii) Saamgestelde b.nwe. soos
**vaalblou, soetsuur, rooibont**

(xiv) Sommige deelwoorde wat as b.nwe. gebruik word, bv.
**lêend, staande; gegrawe, gekose; gekapte, gesaagde**

**LET OP:**

Van sommige van hierdie b.nwe. word die oortreffende trap nogal dikwels gebruik bv.

Hy is die **innig-vroomste** man wat ek ken.
Moet nou nie die **grasgroenste** appel pluk nie.
Hy is die **eerloosste** vent wat ek nog ooit gesien het.

## B. HOEVEELHEIDSWOORDE

### (Hooftelwoorde en Rangtelwoorde)

(a) **Betekenis.**

Kyk mooi na die volgende sinne:

Daar lê **drie** koeie.
Jan het **sewe** albasters.
Hy is **vierde** in sy klas.
Ek het jou dit nou al die **tweede** maal vertel.
**Party** mense het nie opgedaag nie.
Daar was **baie** eende op die dam.
Skiet jy na die **middelste** skyf?
Ek waarsku jou nou vir die **laaste** keer.

Die vetgedrukte woorde is ook beskrywende woorde, maar hulle druk almal hoeveelheid uit. Hulle is dus **Hoeveelheidswoorde.** Ons kan egter verskillende soorte onderskei:

(a) Woorde wat **getalle** aandui, bv.

drie, sewe, party, baie (eende)

Hierdie soort hoeveelheidswoorde noem ons **Hooftelwoorde.** Hooftelwoorde kan egter onderverdeel word in:

(i) **Bepaalde hooftelwoorde** wat 'n bepaalde getal aandui, bv.

drie, sewe, honderd, half, beide, ens.

(ii) **Onbepaalde hooftelwoorde** wat **nie** 'n bepaalde getal aandui nie, bv.

party (mense, baie (eende), verskeie (maal)
**Ook:** sommige, ieder, enige, 'n paar, etlike, enkele, ens.

(b) Woorde wat **volgorde** aandui, bv.

vierde, tweede, middelste, laaste

Hierdiesoort hoeveelheidswoorde noem ons **Rangtelwoorde.** Rangtelwoorde kan weer onderverdeel word in:

(i) **Bepaalde rangtelwoorde** wat 'n bepaalde plek in die volgorde aandui, bv.

vierde, tweede, sewende, agste.

(ii) **Onbepaalde rangtelwoorde** wat **nie** 'n bepaalde getal in die volgorde noem nie, bv.

middelste, laaste, soveelste, hoeveelste

**Let op:**

(i) Soos b.nwe. kan die meeste hoeveelheidswoorde ook selfstandig gebruik word, bv.

**Sommige** wou nie saamspeel nie.
Bring **albei** hier.
Hy het my **baie** gegee.
Skryf vier **sesse** en twee **ags** neer.
Met sy spekuleerdery het hy **duisende** gemaak.

(ii) In „baie mense" is **baie** 'n onbepaalde hooftelwoord. In „baie suiker" is **baie** 'n omvangswoord.

(b) **Fleksie:**

I. Enkele trappe van vergelyking word aangetref, bv.

| | | |
|---|---|---|
| baie; veel | meer | meeste |
| middel | —— | middelste |
| enig | —— | enigste |
| min; weinig | minder | minste |

II. Die hooftelwoord word verbuig om die rangtelwoord te kry. Hier volg 'n lys van bepaalde hoof- en rangtelwoorde. Kyk mooi na die spelling:

| Hooftelwoord | Rangtelwoord |
|---|---|
| 1 een | 1e eerste |
| 2 twee | 2e tweede |
| 3 drie | 3e derde |
| 4 vier | 4e vierde |
| 5 vyf | 5e vyfde |
| 6 ses | 6e sesde |
| 7 sewe | 7e sewende |
| 8 ag(t) | 8e ag(t)ste |
| 9 nege (neë) | 9e negende (neënde) |
| 10 tien | 10e tiende |
| 11 elf | 11e elfde |
| 12 twaalf | 12e twaalfde |
| 13 dertien | 13e dertiende |
| 14 veertien | 14e veertiende |
| 15 vyftien | 15e vyftiende |
| 16 sestien | 16e sestiende |
| 17 sewentien | 17e sewentiende |
| 18 agtien | 18e agtiende |
| 19 negentien (neëntien) | 19e negentiende (neëntiende) |
| 20 twintig | 20e twintigste |
| 25 vyf-en-twintig | 25e vyf-en-twintigste |
| 30 dertig | 30e dertigste |
| 40 veertig | 40e veertigste |
| 50 vyftig | 50e vyftigste |
| 60 sestig | 60e sestigste |
| 70 sewentig | 70e sewentigste |
| 80 tagtig (taggentig) | 80e tagtigste (taggentigste) |
| 90 negentig (neëntig) | 90e negentigste (neëntigste) |
| 100 honderd | 100e honderdste |
| 103 honderd-en-drie | 103e honderd-en-derde |
| 204 tweehonderd-en-vier | 204e tweehonderd-en-vierde |
| 240 tweehonderd-en-veertig | 240e tweehonderd-en-veertigste |
| 244 tweehonderd vier-en-veertig | 244e tweehonderd vier-en-veertigste |
| 780 sewehonderd-en-tagtig | 780e sewehonderd-en-tagtigste |

| | |
|---|---|
| 899 aghonderd nege-en-negentig (aghonderd neë-en 'neëntig) | 899e aghonderd nege-en-negentigste (aghonderd neë-en-neëntigste) |
| 1,000 duisend | 1,000e duisendste |
| 1,005 (een)duisend-en-vyf | 1,005e (een)duisend-en-vyfde |
| 1,070 (een)duisend-en-sewentig | 1,070e (een)duisend-en-sewentigste |
| 8,760 ag(t)duisend sewehonderd-en-sestig | 8,760e ag(t)duisend sewehonderd-en-sestigste |
| 4,338 vierduisend driehonderd ag(t)-en-dertig | 4,338e vierduisend driehonderd ag(t)-en-dertigste |
| 46,000 ses-en-veertigduisend | 46,000e ses-en-veertigduisendste |
| 72,010 twee-en-sewentigduisend-en-tien | 72,010e twee-en-sewentigduisend-en-tiende |
| 55,641 vyf-en-vyftigduisend seshonderd een-en-veertig | 55,641e vyf-en-vyftigduisend seshonderd-een-en-veertigste |
| 600,000 seshonderdduisend | 600,000e seshonderdduisendste |
| 710,018 sewehonderd-en-tienduisend-en-agtien | 710,018e sewehonderd-en-tienduisend-en-agtiende |
| 342,006 driehonderd twee-en-veertigduisend-en-ses | 342,006e driehonderd twee-en-veertigduisend-en-sesde |
| 640,048 seshonderd-en-veertigduisend ag(t)-en-veertig | 640,048e seshonderd-en-veertigduisend ag(t)-en-veertigste |
| 1,000,000 (een)miljoen | 1,000,000e (een)miljoenste |
| 1,000,006 eenmiljoen-en-ses | 1,000,006e eenmiljoen-en-sesde |
| 3,000,800 driemiljoen aghonderd | 3,000,800e driemiljoen aghonderdste |
| 4,700,000 viermiljoen sewehonderd-duisend | 4,700,000e viermiljoen sewehonderd-duisendste |
| 5,740,050 vyfmiljoen sewehonderd-en-veertigduisend-en-vyftig | 5,740,050e vyfmiljoen sewehonderd-en-veertigduisend-en-vyftigste |
| 8,678,331 ag(t)miljoen seshonderd ag(t)-en-sewentigduisend driehonderd een-en-dertig | 8,678,331e ag(t)miljoen seshonderd ag(t)-en-sewentigduisend driehonderd-een-en-dertigste |

**Let wel:**

(i) Getalle van 1,100 tot 1,999 word dikwels as volg benoem:

1,106 **elfhonderd**-en-ses
1,213 **twaalfhonderd**-en-dertien
1,700 **sewentienhonderd**

1,830 **agtienhonderd**-en-dertig
1,972 **negentienhonderd** twee-en-sewentig

(ii) Somtyds kan getalle op 'n alternatiewe manier aangedui word. Kyk na hierdie voorbeelde:

Daar loop ag-en-dertig skape.
**of:** Daar loop, **op twee na, veertig** skape.
Daar was vyf-en-negentig mense.
**of:** Daar was, **op vyf na, 'n honderd** mense.
Daar was negehonderd-en-negentig bokke in die trop.
**of:** Daar was, **op tien na, 'n duisend** bokke in die trop.

(iii) In die volgende soort sinne is die hooftelwoorde **onbepaald:**

Ek het **'n stuk of twaalf** bobbejane gesien.
Dit het **'n jaar of vier** gelede gebeur.
Hy het vir **'n pond of ses** gekoop.
„'n Stuk of twaalf" beteken: **omtrent twaalf;** „'n jaar of vier" beteken : **omtrent vier,** ens.

## Breuke

By breuke is die **teller** (d.w.s. die boonste getal) 'n hooftelwoord en die **noemer** (d.w.s. die onderste getal) 'n rangtelwoord. Let op hoe die volgende breuke in woorde geskry word:

$\frac{1}{16}$: 'n sestiende; een-sestiende
$\frac{1}{8}$: 'n ag(t)ste; 'n aks; een-ag(t)ste; een-aks
$\frac{1}{4}$: 'n kwart; een-kwart
$\frac{3}{4}$: drie-kwart
$\frac{5}{8}$: vyf-ag(t)stes; vyf-aks
$\frac{7}{16}$: sewe-sestiendes
$\frac{7}{9}$: sewe-negendes
$\frac{1}{2}$: 'n helfte; helfte; een-helfte
$\frac{5}{24}$: vyf vier-en-twintigstes
$\frac{7}{30}$: sewe-dertigstes
$\frac{17}{35}$: sewentien vyf-en-dertigstes

$\frac{22}{37}$: twee-en-twintig sewe-en-dertigstes
$\frac{28}{40}$: ag(t)-en-twintig veertigstes
$\frac{50}{53}$: vyftig drie-en-vyftigstes

**Let wel:**

(i) As die boonste getal, of die onderste getal, of albei, alreeds met koppeltekens geskryf is, kom daar nie 'n koppelteken tussen die boonste en onderste getal nie, bv.

vyftien ag(t)-en-sewentigstes
een-en-dertig honderdstes
vyf-en-veertig sewe-en-negentigstes

(ii) By gemengde getalle kom daar geen koppeltekens tussen die hooftelwoord en die breuk nie, bv.

$9\frac{1}{8}$: nege en een-agste
$17\frac{2}{3}$: sewentien en twee-derdes
$53\frac{1}{2}$: drie-en-vyftig en 'n **half**
$21\frac{4}{21}$: een-en-twintig en vier een-en-twintigstes
$33\frac{57}{92}$: drie-en-dertig en sewe-en-vyftig twee-en-negentigstes

## Hoe laat dit op die oorlosie is.

1 eenuur
1.3 drie minute oor een
1.15 kwart oor een
1.26 ses-en-twintig minute oor een
1.30 halftwee
1.35 vyf-en-twintig minute **voor twee**
1.45 kwart **voor twee**
1.49 elf minute **voor twee**
2 twee-uur
2.30 halfdrie
3 drie-uur
4 vieruur
5 vyfuur
6 sesuur
7 sewe-uur; sewenuur
8 agtuur

| | |
|---|---|
| 9 | nege-uur; neë-uur; negenuur; neënuur |
| 10 | tienuur |
| 11 | elfuur |
| 12 | twaalfuur |
| 12.30 | halfeen |

**Let op:**

(i) As die hooftelwoord op 'n **-e** eindig, is daar 'n koppelteken tussen die hooftelwoord en die woord „uur", bv. **drie-uur; twee-uur; sewe-uur; nege-uur.**

(ii) Daar is 'n verskil tussen **eenuur** en **een uur; twee-uur** en **twee uur; drie-uur** en **drie uur**, ens.

**Eenuur** dui aan hoe laat dit op die oorlosie is.

**Een uur** vertel ons hoeveel uur iets geduur het, d.w.s. net **een.**

Kyk na die volgende voorbeelde:

**Hoe laat dit op die oorlosie is:**

Ons eet om **agtuur.**
Hulle sal om **twee-uur** ry.
Piet het om **sesuur** tuisgekom.

**Aantal ure wat dit geneem het om iets te doen:**

Hy het **drie uur** nodig gehad om die werk te voltooi.
Piet het **vyf uur** weggebly.
Ons het die rit binne **sewe uur** afgelê.

## C. OMVANGSWOORDE

(a) **Betekenis:**

Kyk na die volgende sinne:

Ek hou van **baie** melk in my koffie.
Op daardie plaas is daar nie **genoeg** water nie.
Vir vier dae het die kaffers **volop** vleis gehad.
Daar is **min** suiker in my tee.
Hy het **bietjie** geld.
Hy het maar **weinig** sukses gehad.
Dit het **veel** genot verskaf.

Die beskrywende woorde in bostaande sinne dui omvang aan. Hulle is dus **Omvangswoorde.**

**Let op die verskil** tussen **al, alle, alles** en **almal:**

**AL** (omvangswoord of hoeveelheidswoord) word gebruik as daar 'n vnw. of lidwoord volg, anders **alle**, bv.

**Al** my somme is reg. (hoeveelheidswoord)
Hy het **al** sy geld verloor. (omvangswoord)

**ALLE** (omvangswoord of hoeveelheidswoord) (Alle = **al die**), bv.

Ek het **alle** moontlike planne beraam om hom betyds te waarsku.
**Alle** misdadigers sal gestraf word.
Hy het **alle** belang in sy werk verloor. (omvangswoord)

**ALLES** (s.nw.) = **al die dinge** of **al die goed:**

Hulle het **alles** uit die huis gedra toe die vlamme die huis bedreig het.
Ek het my werk verlede maand geleer, maar nou het ek **alles** weer vergeet.

**ALMAL** (s.nw.) = **al die mense:**

**Almal** het die dansparty geniet.
Hulle het ons **almal** genooi.

(b) **Fleksie:**

Enkele trappe van vergelyking kan waargeneem word, bv.

| | | |
|---|---|---|
| baie; veel | meer | meeste |
| min; bietjie | minder | minste |

## D. LIDWOORDE

**Betekenis:**

Kyk na hierdie sinne:

Ek wil **die** hond kos gee.
**'n** Hond eet graag vleis.
**Die** man sit op **'n** stomp.
Ek kon nie aan **die** regte antwoord dink nie.

Die woordjies **die** en **'n** kan ook onder beskrywende woorde geklassifiseer word. In sover as hulle 'n betekenis het en nie bloot vormwoorde is nie, kan ons sê dat „die" verindiwidualiseer en dat „'n" veralgemeen.

Enkele male word die vorme **de** en **'t** ook nog gehoor.

**'t** kry ons in sinne soos:

Dit is vir my **om 't ewe.**
Hy was aan **'t** werk.
Die man is aan **'t** skryf.

**de** kry ons in sinne soos:
Wat **de** duiwel makeer jou!
Hoe **de** joos moet ek dit weet?
Waar **de** drommel is my hoed?

**Let op:** In al die sinne behalwe „om 't ewe" kan ons **die** vir **de** of **'t** gebruik.

**Let wel:**

(a) Ou verboë vorme van die lidwoord kry ons egter nog in geykte of verouderde uitdrukkinge soos:

| | |
|---|---|
| **ten** seerste | in **der** minne |
| **ten** strengste | brood **der** smarte |
| **des**tyds | **ter** ere van |
| kind **des** doods | wel **ter** tale |

(b) Dit is maar selde dat 'n s.nw. in Afrikaans sonder 'n lidwoord gebruik word. Ons vind dit egter:

(i) by baie idiome, bv.
Agteros kom ook in die kraal.
Nood leer bid.
Aanhouer wen.

(ii) by sommige opskrifte, bv.
„Wolf en Jakkals".
„Hasie en Skilpad."

(iii) by sommige uitdrukkinge soos:
aan wal stap
in hegtenis neem
in besit van
deur toedoen van
aan kant maak, ens.

(iv) by meervoude en versamelname, bv.

Groente is duur.
Papier is skaars.
Pampoen groei hier goed.
Lemoene is gesond.

(v) in sekere gevalle na voorsetsels, bv.

aan tafel
op skool
na ontbyt

In die meeste gevalle word die lidwoord egter gebruik. Kyk na hierdie sinne:

Hy het na **die** hoofkantoor geskryf.
**Die** mense sê dat hy dronk was.
In **die** toekoms moet jy jou verbeter.
Drink die medisyne na **die** maaltyd.
Oor **die** dertig mense is beseer.
In **die** winter is dit koud.
Hy is in **die** tronk.
**Die** pryse was baie hoog.
**Die** meeste mense wou hom nie glo nie.
Hy het in **die** kerk gebid.